
# EWIGE WAARHEID




## Watter karaktertrekke kan ons redelikerwys van 'n Christen verwag?

## Eerstens, wat beteken die woord *karakter*?

Volgens die Handwoordeboek van die Afrikaanse taal, verwys die woord *karakter* na eienskappe wat 'n persoon, groep of plek van ander onderskei. Dit kan ook 'n letterstempel by skryf- of drukwerk wees, of 'n persoon in 'n storie.




- ***Karakter* kan ook die inbors of reputasie van 'n mens beteken, veral wat eerlikheid en betroubaarheid betref.**

Dié term, afgelei van die Griekse woord *charakter*, is in die veertiende eeu in die Engelse taal opgeneem, met die betekenis van 'n 'kenmerkende teken'.

In 1440 vind Johannes Gutenberg die drukpers uit, met bewegende letterstempels wat van 'n allooi van tin en lood gegiet is en tot die druk van boeke op groot skaal gelei het. Dié gegote letters word toe karakters genoem. Die drukpers het boeke vir gewone mense toeganklik gemaak.




**Tipiese gegote karakterstempels, soortgelyk aan dié wat Gutenberg gebruik het.**

Voor Gutenburg moes monnike die Bybel met die hand oorskryf – 'n tydsame en duur proses. Bybels was dus skaars en kosbaar, en hoofsaaklik in Latyn, toeganklik net vir kerklikes, kloosters en die rykes. Gewone gelowiges moes hulle maar verlaat op preke in die kerk of sinagoge, aangesien min mense 'n Bybel kon bekostig of die Latyn lees.

- **Die drukpers het dié toestand omgekeer en godsdiens hervorm.**



**Die pragtige kalligrafie van 'n handgeskrewe Bybel.**



Dusver het ek die gebruik van die woord 'karakter' in sy geskrewe of gedrukte vorm bespreek. Wat ek wil sê, is dat 'n karakter 'n bepaalde rol speel, en dit kan nie verander nie. Byvoorbeeld: Die letter '**A**' kan nie na 'n '**N**' verander word nie, al is albei karakters. Karakters kan verskillende style hê, maar hul betekenis bly dieselfde.

**26 letters in ons alfabet – en dis genoeg om die hele Bybel te skryf! Elke karakter is solied en onveranderlik.**

## 'n Paar aanhalings vir perspektief:

Gedrag openbaar karakter!


WANNEER MENSE REKEN HULLE HET DIE MAG OM TE DOEN WAT HULLE WIL... RUIM HULLE GEDRAG ENIGE TWYFEL OOR WIE HULLE IS UIT DIE WEG.



Charles Spurgeon (1834-92)
Beroemde Prediker

*"Ek skat volgehoue welvaart kan ook tot 'n verhewe karakter lei, maar dit gebeur baie selde. Teëspoed, daarenteë, lyk dalk soos ons vyand, maar is eintlik ons ware vriend; en, wanneer ons dit eers bietjie begin leer ken, aanvaar ons dit as iets kosbaars – die voorloper van voorspoed. Ons moenie verwag om ons paadjie te loop sonder 'n doring of 'n klip nie."*

***Spurgeon het ook pittig opgemerk as mens vir jou karakter sorg, sorg jou reputasie vir homself!***



D L Moody (1837-99)
Beroemde Evangelis

*Mens moet karakter uitleef, nie bloot veins nie:* Moody het ewe pittig gesê: "Mens moet só leef dat almal weet jy is 'n Christen... en bowenal moet jou gesin dit weet."

*Ware karakter is privaat:* Hy het ook gesê, "Karakter is wat jy in die donker is." As jou reputasie reg is, is jou karakter ook in die haak. Hy het ook geglo Christelikheid het geen waarde 'as dit jou karakter nie regruk nie'.

*Die Bybel is die sleutel:* Moody het die Bybel aan die vorming van 'n Christen gekoppel deur te sê: "Die Bybel sal jou van die sonde af weghou, of die sonde sal jou van die Bybel af weghou."

*Bereidwilligheid:* Moody het mense aangemoedig om hulle wil aan God oor te gee, want "God kan meer uitrig met 'n lewe wat aan Hom oorgegee is as met een wat vol selfvertroue is."

## 'n Mens van die ou stempel

Dié idioom dui op 'n mens se karakter of geaardheid: iemand van die ou stempel is 'n mens met 'n stewige, tradisievaste inbors, iemand wie se waardes duursaam en blywend is. Dié vaste eienskappe, **volharding, hoop, deernis, nederigheid en liefde,** ontwikkel mens deur jou leeftyd.




- **Dié karaktereienskappe is al wat jy na die ewige lewe kan saamneem.**

## *Bemoedigende woorde van C S Lewis!*

*"Mens is nooit te oud om 'n nuwe mikpunt te stel of 'n nuwe droom te droom nie.*

*Ons is ... 'n goddelike kunswerk, iets wat God maak... iets waarmee Hy nie tevrede sal wees voor dit 'n bepaalde karakter openbaar nie."*



Clive Staples Lewis (1898-1963) skrywer, literêre geleerde en Anglikaanse leke-teoloog



*Geniale mense word bewonder, ryk mense word beny, magtige mense word gevrees, maar net karaktervolle mense word vertrou.*
**Alfred Adler**

*Karakter word nie gemaklik en rustig gebou nie. Slegs deur beproewing en lyding deur te maak, word die siel versterk, ambisie aangewakker en welslae behaal.*
**Helen Keller**



**Corrie ten Boom** het noemenswaardig die volgende gesê oor hoe belangrik voorbereiding en'n verhoudig met God vir karakterontwikkeling is:

*Elke ervaring wat God ons gee, elke mens wat Hy op ons pad stuur, is die volmaakte voorbereiding vir die toekoms, wat slegs Hy kan sien.*






## *Om saam te vat:*

Ons Christene word opgeroep om 'n karakter soos Jesus s'n te ontwikkel, wat beteken ons moet sy karaktereienskappe nastreef, soos liefde, blydskap, vrede en geduld (beskryf in Galasiërs 5:22). Dit bereik mens deur jou oor te gee aan God se Plan en Gebooie, wat die Heilige Gees in staat stel om in jou lewe te werk. Sleutelaspekte sluit in die ontwikkeling van 'n dienaarshart en om jou liefde vir God en jou naaste deurlopend uit te leef.

'n Denkende persoon sal dadelik besef dat 'n Christelike karakter in *hierdie* leeftyd ontwikkel moet word. Dit behels om die sonde te oorwin, geestelike volwasssenheid te ontwikkel en jou met hart en siel na God se wet en liefde te skik, deur geloof in Jesus Christus en die krag van die Heilige Gees.



- **Die aardse liggaam word afgewerp, maar wat jy as individu is, *jou karakter*, is wat verander en die ewige lewe binnegaan.**



Karakter is 'n geaardheid soos Christus s'n. Dit ontwikkel deur **persoonlike moeite en God se genade,** vereis die aankweek van selfbeheer en behels 'n voortdurende stryd teen selfsug.

- **Dit beteken jy moet jou aangebore geaardheid omskep in 'n harmonieuse, edel karakter en dit uitleef deur ander mense te seën in die vrede en vreugde van God.**

**LW!** Dié omwenteling moet **gedurende hierdie leeftyd gebeur!** Karakter verander nie met die dood of die wederopstanding nie.

**Ons hart besluit wat vir ons die belangrikste is.**



**En dit wat die belangrikste is, sal uiteindelik ons karakter vorm, wat ons gedrag en leierskap altyd sal bepaal.**

**Wat is vir jou belangrik?** Ek haal die volgende Bybelvers aan om bietjie perspektief te gee:

*"Daar is hulle wat die woord hoor, maar die sorge van die lewe en die verleiding van rykdom en die begeertes na allerhande ander dinge kom op en verstik die woord."* Markus 4:18-19

### Die Eienskappe van Karakter

**Mens se karakter is jou morele kompas**; dit is die bron van jou etiek en lewensbeskouing. Daar is al talle lyste opgestel van die karaktertrekke wat ons moet nastreef. Die allerbeste lys van gewensde karaktertrekke kom egter in die Bybel voor, in Galasiërs 5:22 en 23, bekend as die Vrug van Gees: **liefde, blydskap, vrede, geduld, vriendelikheid, goedhartigheid, getrouheid, nederigheid en selfbeheersing**.

- **Dié eienskappe beliggaam die Heilige Gees en toon dat mens 'n Goddelike aard ontwikkel deur met Hom saam te werk in die aangesig van die beproewinge en smarte in die lewe.**






Richard Wurmbrand het nie met 'n enkele, raak opmerking oor 'karakter' vorendag gekom nie, maar sy geskrifte en getuienis toon klinkklaar dat die Christen se ware karakter deur bonatuurlike vreugde, radikale geloof en 'n onwrikbare toewyding aan die liefde, selfs in die aangesig van uiterste lyding, gedefineer word. So getuig sy en sy mede-gevangenes se vreugde en geesteskrag tydens hulle wrede vervolging.

- **Ten spyte van onhoudbare foltering het sy gees en geloof nooit, gewankel nie, wat getuig van die ontsaglike krag wat 'n diepe verbintenis tot God meebring.**

**Die Bybel sê daar is net een pad na die Hemel!**
Jesus het vir hom gesê, "Ek is die weg en die waarheid en die lewe. Niemand kom na die Vader toe behalwe deur My nie." **Johannes 14:6**

**Niemand anders kan jou red nie. Vertrou Jesus vandag!**

1. **Erken jy is 'n sondaar: *Romeine 3:10***
2. **Wees gewillig om die sonde af te sweer: *Handelinge 17:30***
3. **Glo dat Jesus Christus vir jou gesterf het, begrawe is en uit die dood opgestaan het: *Romeine 10:9-10***
4. **Nooi Jesus deur gebed in jou lewe in om jou persoonlike Verlosser te word: *Romeine 10:13***

## *Hoe kry ek dit reg?*

- Lees jou Bybel elke dag om Jesus beter te leer ken.
- Praat elke dag met God in gebed.
- Word gedoop, aanbid in gemeenskap en dien God saam met ander Bybelgelowiges waar die Bybel se Waarheid en Christus gepredik word, en waar die Bybel die oppergesag is.
- Vertel almal van Jesus Christus.

TRAKTAAT © GEORGE ROSS



Ten slotte vra ek... in watter opsigte moet *jou* karakter verander om God se aard beter te weerspieël? Waarskynlik in alle opsigte, nè?

Hoe kan *deur op die Kruis en sy betekenis te fokus* jou aanmoedig en van verlossing verseker?

**Dink bietjie daaroor!**

As jy graag meer wil weet:
*Web:* www.bibletrakts.com
*Facebook:* Blessed Hope Bible Tracts